



.....

## **Gedigte / Poems**

<i>Hein Viljoen</i>	
aanval op die buiteklub .....	201
<i>T.T. Cloete</i>	
Eggo's .....	202
<i>H. le R. Slabbert</i>	
Die tiene gabooje .....	207
Psalm 23 .....	208
Erasmus' letter to Martin Dorp, 1515 .....	209
<i>Pieter Lourens</i>	
Skakering .....	210

## Rubriek vir skeppende werk

Litera is 'n rubriek vir die publikasie van skeppende werk in al die tale wat gewoonlik in *Literator* gebruik word. Die Redaksie wil daarmee 'n geïntegreerde beeld skep van die verskeidenheid nuwe skryfwerk wat Suid-Afrikaanse skrywers kan bied.

'n Kontantprys word toegeken aan die beste bydraes wat in die loop van 'n jaar gepubliseer word. Skrywers word daarom uitgenooi om korter skeppende werk voor te lê vir plasing in hierdie rubriek. Dit kan gedigte of kortverhale wees, maar drama- of romanfragmente en eksperimentele tekste is ook welkom.

'n Elektroniese kopie van elke bydrae moet voorgelê word. Die naam en adres van die insender moetregs bo-aan die eerste blad vermeld word. **Verstrek ook 'n telefoonnummer, faksnommer en e-posadres waar u bereik kan word.** Elektroniese bydraes kan gestuur word aan Susan.Lourens@nwu.ac.za

Bydraes kan ook gepos word aan die Burohoof, *Literator*, Personeelbussie 251, Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Privaatsak X6001, POTCHEFSTROOM 2520.

## **Section for creative writing**

Litera is a section for the publication of creative writing in all the languages that *Literator* usually caters for. Through this section the Editorial Board wants to present an integrated image of the diversity of new writing by South Africans.

A cash prize will be awarded for the best contributions published in a specific year. Writers are therefore invited to submit shorter creative work for publication in this section. Poems and short stories are welcome, but also plays and novel fragments and experimental texts.

An electronic version of each contribution should be submitted. The name and address of the author should appear at the top right of the first page. **Please include a telephone number, a fax number and an e-mail address where you can be contacted.** Electronic submissions can be send to Susan.Lourens@nwu.ac.za

Contributions can also be mailed to the Head of the Bureau, *Literator*, Staff Box 251, Bureau for Scholarly Journals, Private Bag X6001, POTCHEFSTROOM 2520.

## **Reglement: Litera-pryse vir kreatiewe skryfkuns**

Die Redaksie van *Literator* ken jaarliks twee pryse toe vir die beste bydraes vir 'n kalenderjaar in die rubriek "Litera". Hierdie pryse sal bekend staan as die Litera-pryse vir kreatiewe skryfkuns.

Twee pryse word toegeken, een vir skrywers wat reeds 'n bundel in die betrokke genre gepubliseer het, en een vir skrywers wat nog nie 'n bundel gepubliseer het nie (dit wil sê wat as debutante beskou word).

Die Redaksie bepaal aan wie die pryse toegeken word, maar die Redaksie kan buitebeoordelaars gebruik om met die beoordeling behulpsaam te wees. Die beslissings van die Redaksie is finaal en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.

Die Redaksie behou hom die reg voor om vir 'n spesifieke jaar of vir 'n spesifieke kategorie nie 'n prys toe te ken nie, of om 'n prys onder verskillende skrywers te verdeel.

Die name van die skrywers aan wie die pryse toegeken is, sal bekendgemaak word in die eerste uitgawe van *Literator* van die daaropvolgende kalenderjaar.

## **Rules: Litera prizes for creative writing**

The Editorial Board of *Literator* yearly awards two prizes for the best contributions for a calendar year in the section “Litera”. These prizes will be known as the Litera prizes for creative writing.

Two prizes will be awarded, one for writers who have already published a collection in the genre concerned, and one for writers who have not yet published a collection (that is, who are regarded as making their début).

The Editorial Board determines to whom the prizes will be awarded, and it may appoint external judges to help with the evaluation of contributions. The decisions of the Editorial Board are final and no correspondence on this matter will be entered into.

The Editorial Board reserves the right to make no award for a particular year or in a particular category, or to divide a prize among different authors.

The names of the authors to whom the awards have been made, will be published in the first issue of *Literator* of the subsequent calendar year.





***Hein Viljoen***

## **aanval op die buiteklub**

stringe liggies om 'n plaat motors  
die musiek kon hulle al van ver af hoor  
hulle skurwe voete in gelapte skoene  
beweeg geluidoos tot hulle kon instaar  
na die rye blink bottels kerse wit servette  
groot hamme en skaapboud onder die voorsnymes  
bakke en bakke slaiae en die vroue se rokke  
swierig kon sien swaai op die maat van die orkes

hy sien homself by die kroeg  
die brandewyn teen die lig hou  
gloeiend in die glas  
omdraai met 'n maag  
wat beur teen sy hempsknope  
die blonde ene met die gul lyf vra vir die dans

heerlik oorgegewe met haar wals  
haar styf vashou afstaar na haar hals  
sy hand sterk op haar stewige boud  
sy fluister iets in sy oor maar hy  
hoor net die skaterlag as sy gelapte vellie  
half op haar chic sandaaltjie land

die pen pluk hy met sy tandé uit  
swaai sy arm ver terug  
as die granaat tot teen haar voete rol  
sing sy ore reeds van die AK se skop

## Eggo's

1. [Akhenaton: *Hymn to Aton. Tomb of Aye*]

May you always appear thus gloriously in die horizon of the sky,  
O living Aton, origin of life!  
Arisen from the eastern horizon,  
you have filled all earth with your splendor;  
You are beautiful, great, dazzling, exalted above each land,  
yet your rays encompass the lands  
to the limits of all which you have created;  
There in the Sun, you reach to their boundaries,  
making them bow to your Son, whom you love;  
And though you are far, your rays are over the earth,  
and you are in the faces of those who watch your journeying.

2. [Psalm 19:5-7]

... Die uitspansel maak die werk  
van sy hande bekend.  
Die een dag gee die berig deur aan die ander  
en die een nag deel die kennis aan die volgende mee ...  
en hulle taal bereik die uithoeke van die aarde.  
Vir die son is daar in die hemel 'n tent opgeslaan.  
As hy stralend begin on sy baan te volg,  
is hy soos 'n bruidegom wat uit sy slaapkamer kom.  
Aan die een kant van die hemel kom hy op  
en aan die ander kant gaan hy onder,  
en niks ontkom aan sy gloed nie.

3. [Hymn]

You go to rest in the western horizon,  
and earth is in a darkness like death,  
With the sleepers in bedchambers, heads covered ...

Every lion comes forth from his doorway ...

The Sunfolk awaken and stand on their feet,  
for you have raised them up;  
Their bodies are bathed, they put on their clothing,  
their arms raised in praise of your appearing.

Throughout the land  
they take up their work.

4. [Psalm 104]

U is beklee met koninklike luister,  
U is met 'n kleed van lig omhul.  
Dit is U wat die hemelkoepel  
soos 'n tentdoek gespan [het] ...  
As U die donker bring en dit nag word,  
roer al die diere in die bos.

Die leeus brul op soek na prooi ...

As die son opkom, sluip hulle weg ...  
Dan gaan die mens na sy werk toe,  
en hy werk tot die aand.

5. [Hymn]

You have risen, and they are alive;  
you go to rest, and they die.  
For you are the measure of Time itself ...

6. [Psalm 104]

U het die maan gemaak  
om die vaste tye mee aan te gee,  
die son weet wanneer om onder te gaan.

7. [Hymn]

Ships go downstream or upstream as well,  
each path lies open because of your presence;  
The fish in the River dart about in your sight,  
and your beams are deep in the Great Sea.

8. [Psalm 104]

Daar is die see, groot en wyd,  
wat wemel van diere, klein en groot.  
Daar vaar die skepe, en daar is die Leviatan.  
U het hom gemaak om mee te speel.

9. [Hymn]

For you have placed a Hapy in the Sky  
that he might come down upon them –  
Making waves upon the mountains like those of the Great Green  
Sea  
to water the fields in their villages.

10. [Psalm 104]

Uit die hemel laat U dit op die berge reën,  
die aarde word versadig deur die reën wat U gee.

11. [Hymn]

The herds are at peace in their meadows,  
trees and the vegetation grow green,  
Birds fly from their nests,  
their wings spread wide in praise of your Person;  
All the small beasts leap about on their feet,  
and all who fly up or settle to rest  
live because you have shone upon them.

12. [Psalm 104]

... Daar kom die wilde diere drink  
en die wildedonkies hulle dors les.  
Die voëls maak hulle neste langs die water  
en kwetter tussen die takke ...  
U laat gras uitspruit vir die diere ...  
die seders op die Libanon,  
dié wat Hy geplant het,  
waar die voëls hulle neste maak,  
en die reier sy huis in die boomtoppe bou.  
Die hoë berge is 'n tuiste vir die klipbokke,  
die rotse is 'n skuilplek vir die dassies.

13. [Hymn]

It is you who create the seed in women,  
shape the fluids into human beings ...  
Nurturer from the womb to those given breath  
to bring into life all that he has created ...  
You have risen, and they are alive;  
you go to rest and they die ...

14. [Psalm 104]

Hulle is almal van U afhanklik,  
U gee hulle kos op hulle tyd ...  
Maar as U U terugtrek,  
is dit klaar met hulle,  
as U hulle asem wegneem is hulle dood ...  
U gee die lewensasem en daar is lewe ...

15. [Vagebond 1]

van verwondering vervul  
dink ek aan my vrugbestaan  
in my Ma se skoot verhul  
al die bene van my lyf  
elke dag van my bestaan  
was toe reeds volledig opgeskryf

16. [Vagebond 2]

eeue daarvóór was ek lankal daar  
in die donker slaap toe breek die lig en ek ín haar  
gedroom die tyd wat roer roteer  
nou word ek weer en weer  
gebore elke oggend staan ek op en elke keer  
is dit 'n avontuur  
derduisend jaar  
skei my van daardie jood en voor hom dié egyptenaar ...  
tog is dit nog dieselfde bruidegom  
wat soggens uit die ooste se slaapkamer kom  
dit is dieselfde mense wat daarna ontwaak  
en land toe gaan en aarde braak  
hulle wat die son se lig in hul gesig laat straal  
en in dieselfde suurstof en atome asemhaal  
steeds drink die donkies en ander diere  
soet koel lafenis uit die aarde se riviere  
bo my ver van die Middellandse See soveel later  
versamel die wolke in hulle kamers die water

as Joggom Konterdans uit die Groot Woestyn reën maak  
op sy Afrikaviool en die weerlig die wolke oopkraak

die wind en die gootwild maal op die vlaktes rond  
en die kleinvolk roer ontoer diep onder die grond

vinke maak hulle neste in die wilgertakke wat druip  
oor die rivier waar die reier 'n padda bekruip

die impala wurg sy laaste asemhaal  
in die Bosveld in die Leviatan se spiraal

by Letaba lê die Nylkrokodil en rus  
op die sand die walvis speel by Hermanus

in die deining by Satara hoor ek snags lig beangs  
hoe brul die leeus uit Egipte en Palestina by hul vangs

dit is dieselfde see waarop die skepe vaar  
kruis en dwars en oor dieselfde ewenaar

dieselfde horlosie van die maan en son se lig  
laat mense gesamentlik vir die Omvattende Gedig

lofliedere sing

tienduisend kilometer en derduisend jaar  
skei my van daardie jood en dié egyptenaar

desondanks is dit dieselfde son  
waaronder ek sit knus  
in God se bakhand doodgerus

met jonger Dawid en veel ouer Achnaton

***h. le r. slabbert***

## **die tiene gabooje**

Eksedous 19 & 20

en mosag het vani berg  
gaklim  
en sy gasig glim  
soos vaselien:

eers hat hy di berg  
afgekamp  
en die israel gasê  
om onner te bly lê;

ja, selfse di priesters  
moes in hulle-se-pasoppens –  
anners sou die heilage god  
hulle ópdons

yes, die volk moes láág  
vorie got van hul vadere byg:  
hulle was soos skaap  
wat innie woesdynson hyg

en toe het god  
al hiri woorde gaspreek,  
en Hy het gasê:  
moenie by jou buurmán  
of hom-se vrou lê,  
en moenie skinner,  
en moenie jou bure hinner  
en heilag my sabbat;  
moenie anners se goet vat,  
verf jou eie huis  
en moenie met afgerige oë  
na hulle kyk wat hoë is;

moenie vloek  
want Ek het jou mond gemaak  
– kaal is jy gabore  
en náák  
sal Ek jou innie sand bêre:  
want hoor: EK-IS-DIE-HERE

***h. le r. slabbert***

## **Psalm 23**

(vir my pa, Abel)

### **'n Loflied van Dawid, Israeliet**

(eers skaapwagter, later koning, c. 1000 v.C.)

God waak oor my  
soos 'n herder oor sy skaap;  
Hy sorg vir my  
selfs as ek slaap:

as ek moeg is, gee Hy rus –  
my siel maak Hy lewendig;  
dit doen Hy om sy Naam heilig,  
hoog is, sodat ons Hom eer.

Al kom dood ook al hoe nader  
is ek getroos: die Herder se stok  
beskerm, sy staf lei my na skadu.  
Soos vir 'n fees dek Hy my tafel  
en maak my vyande skaam –  
omdat Hy my hoof seën  
en my beker laat oorloop!

\*

Sy goedheid en guns  
volg my elke dag –  
die hemelkoepel is die dak van sy huis  
en by Hom is ek elke dag tuis.  
Vir solank ek mag lewe, ja,  
sál ek Hom prys ... Halleluja!

*h. le r. slabbert*

## **Erasmus' letter to Martin Dorp, 1515**

(A folly which is wise)

You say I am condemned:  
not so much for over-severity  
in my satire

as for impiety

– I should like to know  
how you, who are naturally  
open-minded  
has taught yourself  
this artful method  
of misrepresentation, or rather:  
– what master of cunning  
has suborned your true honesty  
to put up this malicious charge?

As to my “Praise of Folly” –  
this book, which brought me fame  
(or reputation) was disliked  
by bogus theologians

because they understood not  
Greek nor Latin; and when I did  
(or rather Folly) speak out against  
princes, bishops or monks (and predikante)  
it was not as an insult to the órders,  
but as reproach to corrupt members.

Finally, by working out my theme  
by means of jokes and criticisms  
through the mouth of a fictitious  
and comic character,  
I had hoped even critics normally sour  
would take it in good part ...

My dear Dorp, I was careful to see  
to it that no literal-minded reader  
should mis-understand my words ...

But this is not the réál  
issue, you say. My words offend the ears  
of the pious. Then why aren't they offended  
when Paul speaks of the “folly of the cross”?

## **Skakering**

### **Resep vir vergeet**

Aan Johannes Ritsos

'n Foto soos 'n gedig  
'n mens  
wil *bly*,  
swart en wit papier.  
Dwarrel grond toe.  
Reën nat.  
Skeur of skroei:  
'n winderding.

As dit gelukkig ... is:  
in argiewe vir historici  
en die voelers van digters,  
vismotte.

Op dié foto, begin twintigste eeu, troon  
die vrou in tabberd en kappie.  
Haar kind.

Die swartvrou, doek en koppie in die hand, troon  
nie. Haar kind.  
Almal glimlag.

Agter, op die vrye veld:  
wit tente uit die generaal se genade.  
Geen boom nie:  
die bome is verslaan,  
het gedros.

Die glimlag in die kamera.  
Die glimlag skilpad smoer in die kis.

Op dié foto, aan die begin van die nuwe eeu,  
vrou en kind  
die verskynsel:  
wit oor swart  
en glimlag: vrede:  
met skakering.